# DIE EREDIENS WAT NOOIT OPHOU NIE

ROM 14:17

EREDIENSTYE "VERKEERD"
Jammer, gemeente, ek moet verskoning maak: Die eredienstye soos aangegee op ons almanak en kennisgewingbord hier buite is nie korrek nie. Daar staan dit duur vanaf 9-10 vm. Wat moet dit dan wees?
Wat in hierdie uur gebeur, is maar 'n DEELTJIE van die erediens. Kyk weer na vers 8. Ons HELE LEWE is veronderstel om *diens tot eer van God* te wees – ERE-DIENS te wees.
Dit maak nie hierdie uur minder belangrik nie, inteendeel: Dit is die *beginpunt* en *hoogtepunt* van die week se erediens. Wat hier gebeur, moet hierna *aanhou gebeur* - net in 'n ander vorm - tot volgende Sondag as ons weer hier bymekaar kom. Ons is soos *motors* waarvan die tyd gereeld weer ingestel moet word, soos 'n *koor* wat telkens moet seker maak dat hulle nog op die noot is. Ons kan ook sê dat *die patroon* waarvolgens ons die week moet lewe, word Sondae in die erediens net weer vasgelê. Die lyne word net weer 'n slag duidelik getrek.
Neem nou maar ons **teksvers** (vers 17) byvoorbeeld.

'N SAAK VAN GEHOORSAAMHEID
Die nagmaalviering staan in die teken van GEHOORSAAMHEID. **Eerstens Jesus** s'n. Ons vier dit met die brood en die wyn omdat Hy gehoorsaam was tot die dood toe. Hy het gelukkig nie in die Tuin van Getsemane gebid: *"Vader, laat My wil, nie U s'n nie, geskied"* nie, maar *"Laat nogtans nie MY wil nie, maar U wil geskied."* Hy was gehoorsaam tot in die dood, die dood aan die kruis.
**Ons** is op ons beurt hier omdat ons aan Hom gehoorsaam wil wees. Hy het gesê ons moet hier wees, ons moet die nagmaal vier tot sy gedagtenis totdat Hy weer kom. Ons vier die nagmaal uit gehoorsaamheid.
Dit is soos wat dit hoort, want, soos vers 8 sê, *"ons behoort aan die Here"*. Daarom moet ons maak soos wat Hy sê. In sy koninkryk maak die burgers soos wat Hy sê. So leef ons tot sy eer, gee ons aan Hom die eer wat Hom toekom.
En **Sy koninkryk** is nie net die stukkie binne die vier mure van die kerkgebou op 'n Sondagoggend nie. Die hele wêreld is sy koninkryk. Daarom moet ons Hom in die hele wêreld - waar ons ookal ons voet neersit - gehoorsaam. Hier in die erediens, hier by die nagmaalstafel, word ons versterk om dit ook te KAN doen. Dit is **nog 'n rede** waarom ons hier is: nie net omdat ons gehoorsaam wil wees aan sy opdrag om nie van die samekomste van die gemeente af weg te bly nie (Hebr 10:25), maar ook omdat ons *elke dag* gehoorsame lewens wil lei en ons goed besef dat ons dit nie in eie krag kan regkry nie. Ons het nodig om weekliks hier versterk te word. **Calvyn** was 'n voorstander daarvan dat die nagmaal ook *elke week* gevier moet word.

'N SAAK VAN VREDE
Die nagmaalviering staan tweedens ook in die teken van VREDE. Eerstens die vrede wat Christus deur sy offer vir ons kom moontlik maak het met God. Die sonde het onvrede tot gevolg gehad. Jesus het die vredesoffer gebring wat ons nie kon nie. Daar is dan nou vrede tussen ons en God. (Rom 5:1) Watter wonderlike iets om te vier. Hoe kan 'n mens NIE hier wil wees om dit te vier nie!
'n Mens kan egter nie die nagmaal vier solank jy nie van jou kant af gedoen het wat jy kan om in vrede met jou naaste te lewe nie. Jesus het gesê dat as jy na die tempel

opgaan en dit daar by die altaar jou byval dat daar nog iemand is wat iets teen jou het, dan moet jy alles net so los. Jy moet dit eers op "hold" sit en gaan vrede maak. DAN kan jy jou offer bring.
Hierdie gees en gesindheid in die erediens en rondom die nagmaalstafel, is ook veronderstel om op *ander tye en plekke* onder christene te heers. Vrede onder christene is in *die erediens van die lewe* ewe belangrik as in die *erediens in die kerkgebou*. Die opskrif bo-aan Hfstk 15 in die Boodskap is: *"Ons almal saam: 'n Simfonie vir God."* Wanneer lidmate in onvrede lewe, is daar 'n vals klank en is die simfonie nie tot God se eer nie.
Jesus het ook verklaar dat die vredeMAKERS geseënd is. Dit is ook waarom dit belangrik is om hier te wees Sondae: Om hieraan *herinner* te word en daarvoor *versterk en gemotiveer* te word, want dit is geen maklike taak om vredemaker te wees nie.

'N SAAK VAN VREUGDE
Die nagmaal staan derdens in die teken van VREUGDE. In die woorde van die f**ormulier**: *"Die nagmaal is 'n vreugdefees in die midde van EN teenoor die vreugdeloosheid van hierdie wêreld ... Hoewel ons die nagmaal met gewyde erns vier, is dit tog 'n vreugdefees, waar die Heiland op 'n besondere manier die vrugte van sy lyding, sterwe en opstanding uitdeel. Die nagmaal bied 'n voorsmaak van die ewige vreugde wat vir ons wag by die bruilofsmaaltyd van die Lam."*
Jesus se dood en opstanding maak dit moontlik om ons IN alle *omstandighede te verbly*, selfs wanneer ons sy dood herdenk. Die vreugde wat ons in die erediens smaak en waaraan ons hier deur die verkondiging van die evangelie, die Goeie Nuus, herinner word, behoort ons hele week te stempel.

DIE HEILIGE GEES SKENK DIT
In Gal 5:22 word "vrede" en "vreugde" genoem as deel van **die vrug van die Gees**. Soos ons teksvers ook sê: *Die Heilige Gees gee dit aan ons.* Dit hou verband met 'n lewe waarin *Hy in beheer* is, waarin dit gaan om *die eer van die Here* en waarin ons *prioriteite dus reg* is.
**Sondag se erediens** is 'n groot hulp hiermee. Dit wil ons weer instel op ons l*ewensdoel*, nl om God te eer en verheerlik. Dit is wanneer ons DIT **uit die oog verloor**, dat maklik kan gebeur wat in die gemeente in **Rome en Korinte** (1 Kor 8) gebeur het. Hulle het gestry en mekaar veroordeel oor die vraag of christene vleis wat aan die gode geoffer is en wyn wat eers aan die gode gewy is, mag eet en drink, en oor die vraag of die sabbat op die Saterdag of die Sondag gevier moes word.
Paulus wys hulle daarop dat hierdie sake nie van **wesenlike belang** is nie. 'n Mens moet jou as christen gereeld afvra of die dinge waaroor ek so ongelukkig is en waaroor ek kwaad word vir ander gelowiges wat van my verskil, of dit regtig wesenlik is. Ons moet ander christene dan toelaat om oor dinge wat nie regtig saak maak nie, van ons te verskil. Dit staan baie duidelik in ons teksvers: *"Die koninkryk van God is nie 'n saak van eet en drink nie…"* Oorbeklemtoning van nie-wesenlike sake lei net tot twis en tweedrag. Dit demp ons vreugde. *"Elkeen moet net in sy eie gemoed ten volle oortuig wees van sy opvatting… enigiets wat 'n mens nie uit geloofsoortuiging doen nie, is sonde."* (14:5, 23)

WATTER KONING!
*"Die koninkryk van God is 'n saak van gehoorsaamheid aan God, vrede en vreugde, wat die Gees ons gee."*

Watter Koning, watter voorreg om burger van Sy koninkryk te wees! Laat ons dan hierdie erediens in ons daaglikse lewe gaan voortsit wanneer ons hier uitgaan.

Amen

15 Febr 2009